



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NELSON MANDELA BAAI DISTRIK

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**JUNIE 2023**

**NASIENGIDS**

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.) Ouer mag vra an strif te si
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** | **Vlak** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | **Deurwinter** verwys na **ouer mense** terwyl **tegno-slim** verwys na **by bly met tegnologie.** | 2 | **3**<br>**3** |
| 1.2 | Ouer mense vind dit moeilik om nuwe vaardighede aan te leer. / Alhoewel ouer mense sukkel, kan hulle wel nuwe vaardighede aanleer.<br><br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1 | **2** |
| 1.3 | Hulle kan inkopies aanlyn doen en kuier gemaklik op sosiale media. | 2 | **2**<br>**2** |
| 1.4 | Daar is geen amptelike statistieke beskikbaar oor (Suid-Afrikaanse) ouer mense se aanlyngedrag nie.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 | **1** |
| 1.5 | Die Twittergemeenskap bestaan uit 24% mense ouer as 50 wat dit die snelgroeiendste entiteit op Twitter maak.<br><br>Beide is gemaklik met Twitter se tweerigtingkommunikasie, maar die ouer geslag is meer passiewe gebruikers as die jonger geslag. √ | 1<br><br>2 | **2**<br><br>**3**<br>**3** |
| 1.6 | Hulle beskou dit as 'n middel om op die hoogte van die politieke landskap te bly √, asook inligting oor wêreldnuus (en aktuele sake).<br><br>Hulle blyk passief te wees aangesien hulle nie aan bekgevegte deelneem nie | 2<br><br>1 | **2**<br>**2**<br><br>**3** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.7 | Hoewel die ouer generasie digitaal by is √,<br>verkies hulle steeds aflyn-kontak deur te bel byvoorbeeld<br><br>*Soortgelyke antwoorde* | 2 | **4**<br>**4** |
| 1.8 | Hulle is hiperverbind wat beteken dat hulle stres ervaar as hulle nie aanlyn is nie / hulle is konstant aanlyn.<br><br>*Soortgelyke antwoord* | 1 | **3** |
| 1.9 | Motivering /<br><br>toegang /<br><br>kennis /<br><br>vaardigheid ontbreek of is gebrekkig.<br><br>*Enige twee van die vier moontlikhede*. | 2 | **2**<br>**2** |
| 1.10 | Hulle is onkundig oor die donker kant van die kuberwêreld.<br><br>Hulle sal inligting wat nie veronderstel is om te deel nie, deel.<br><br>Hulle besef nie dat filters nie bestaan nie. | 3 | **1**<br><br>**1**<br>**1** |
| 1.11 | Dit bevorder breinontwikkeling / hou hulle geestelik jonk / verbeter hul lewensgehalte / gee hulle ‘n sin van behoort / slaan eensaamheid hok / gee hulle selfvertroue / hulle voel dat hulle nie vergeet word nie / hou kontak met ander / skep ‘n moontlikheid om ‘n inkomste te genereer.<br><br>*Enige DRIE van bg.antwoorde* | 4 | **3**<br>**3**<br>**3**<br>**3** |
| 1.12 | Kierie /<br><br>bril /<br><br>artritis hande /<br><br>valstande /<br><br>raak gou moeg /<br><br>plooie in nek.<br><br>*Enige TWEE van bg*. | 2 | **3**<br>**3** |
| 1.13 | Ja, hy lees / hy hou van kuns / hy werk op sy skootrekenaar<br><br>*Enige EEN van bg.* | 1 | **4** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Ja.<br>Die kunstenaar wil ons daarop wys dat die ouer persoon dalk nou mag slaap en moeg wees TEKS B, maar dat hy byhou wat tegnologie aanbetref /<br>‘n vol lewe lei en kan saampraat en nou net ‘n ruskans neem soos gelees in TEKS A.<br><br>*Enige soortgelyke antwoord. Kandidaat moet BEIDE kante noem vir EEN punt.* | 1 | **4** |
| 1.15 | TEKS A PARAGRAAF 1 wys dat ouer mense wel met tegnologie oor die weg kan kom en nuwe dinge aanleer terwyl TEKS B wys dat daar wel ‘n skootrekenaar op die voorgrond is en dat die ouer persoon dit gebruik √<br>TEKS A PARAGRAAF 12 verklaar dat die ouer persone kan byhou, maar ons sien dat die ouer persoon nou uitgeput is / slaap. √<br><br>*Enige soortgelyke antwoord.* | 1<br><br>1 | **4**<br><br>**4** |
| | | **30** | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word
- die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken

- 7 punte vir 7 wenke (1 punt vir elke wenk)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
- 4–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe
- 2–3 direkte aanhalings: ken 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde
- oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

| AANHALING UIT TEKS | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|
| In die eerste instansie moet leerders begin deur ‘n deeglike studierooster op te stel waarin uiteengesit word hoeveel tyd hulle het om elke dag te leer. | Leerders moet ‘n deeglike studierooster opstel. |
| Jy moet ook dieper begrip kry van die pas waarteen jy moet werk om die vraestel in die gegewe tyd te voltooi … sal dit jou loon om vorige vraestelle uit te werk. | Werk vorige vraestelle uit om jou te leer om die vraestel in ‘n gegewe tyd te voltooi. |
| Hy stel dus voor dat wanneer jy teorie leer, moet jy lees en probeer verstaan wat presies jy lees. | As jy teorie leer, maak seker jy lees en verstaan wat jy lees. |
| Dit help nie jy wil begin leer en jy het nie al jou aantekeninge agtermekaar nie. | Sit al jou aantekeninge betyds agter-mekaar. |
| Daar word dus voorgestel dat leerders heeltemal wegbly van hul fone en slegs oproepe van hul ouers of studiegroep beantwoord. | Leerders moet wegbly van hulle fone en net oproepe van ouers of studiegroep beantwoord. |
| Omstandighede waaronder jy leer, moet gunstig wees, daarom sal dit tot jou voordeel strek as jou studievertrek die regte temperatuur is. | Sorg dat jou studievertrek die regte temperatuur is. |
| Indien jou aandag maklik afgetrek word, sorg dat jou lessenaar nie voor ‘n venster staan nie. | Moenie dat jou lessenaar voor ‘n venster staan nie. |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Leerders moet eerstens ‘n deeglike studierooster opstel. Werk vorige vraestelle uit om jou te leer om die vraestel in ‘n gegewe tyd te voltooi. As jy teorie leer, lees en verstaan wat jy lees. Sorg dat jy al jou aantekeninge betyds agtermekaar sit. Verder moet leerders wegbly van hulle fone en net oproepe van ouers of studiegroepe beantwoord. Sorg dat jou studievertrek die regte temperatuur is en moenie dat jou lessenaar voor ‘n venster te staan nie.

**[Getal woorde: 82]**

**AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde moet korrek gemerk word, selfs as die spelling verkeerd is, behalwe as die fout die betekenis van die woord verander.
  - In volsin-antwoorde moet foutiewe spelling gepenaliseer word indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkorting getoets word, moet die leesteken in die antwoord korrek gegee word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

| VRAAG 3- ADVERTENSIE | | | |
|---|---|---|---|
| | | PUNT | VLAK |
| 3.1 | tydgenoot/huisgenoot/eggenoot/disgenoot, ens.<br>(en ander erkende woorde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.2.1 | deur die gebruik van die woord “perfekte” | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.2.2 | "JOU PERFEKTE" is<br>bo-aan geskryf /<br>op ‘n ander agtergrond geplaas /<br>in hoofletters getik<br>in groter letters getik | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.3 | Ja.<br>Die motor pas by die **reis**genoot/<br>Die mense is nie vol pyne en skete (uitgelate) | 1 | 5 |
| | | | |
| 3.4 | Die glimlagte/<br>die hande in die lug | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.5 | Hulle is jonk/ hulle is nie oud nie –<br>‘n mens verwag nie pyn/artritis by jongmense nie. | 1 | 5 |
| | | | |
| 3.6 | Konnotatief— dit proe nie werklik suur nie, maar dui op ongelukkigheid / ongemak / ontevredenheid | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.7 | toevoegende / aanvoegende wyse | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.8 | Pleonasme | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.9 | "nou ook" | 1 | 3 |
| | | | |
| | | **10** | |

| VLAK | |
|---|---|

| | |
|---|---|
| 1/2 | 4 |
| 3/4 | 4 |
| 5/6 | 2 |

| VRAAG 4- STROKIESPRENT | | | |
|---|---|---|---|
| | | PUNT | VLAK |
| 4.1.1 | sy woorde in hoofletters/<br>uitroepteken/<br>sy mond wys hy skreeu / sê dit hard (wyd oop) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.1.2 | Tieners kan nie sonder tegnologie nie | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.2.1 | Hulle uitroepe is sonder gevoel of ontsteltenis. | 1 | 5 |
| | | | |
| 4.2.2 | Hulle sit rustig en drink hul koffie klaar / hulle is nie omgekrap/ontsteld nie, nie gespanne nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3 | Assimilasie | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.4 | Die simbool bo die rekenaar stel moontlik hittegolwe/rook voor /<br>Dit is nie normaal om gelyktydig drie verskillende take op 'n rekenaar te doen nie. | 1 | 5 |
| | | | |
| 4.5 | Hy stem nie saam met die voorgestelde oplossing nie/<br>Hy kan nie sy werkswyse aanpas of verander nie /<br>sy ou rekenaar is nie meer goed genoeg nie/hy wil ‘n nuwe rekenaar hê. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.6 | Broodnodig | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.7.1 | Nee<br>Sy gil in RAAMPIE 18 die woord NEE as antwoord<br><br>*Die motivering verdien die punt* | 1 | 4 |
| | | | |
| .7.2 | Oor my dooie liggaam | 1 | 2 |
| | | | |
| | | **10** | |

| VLAK | |
|---|---|
| 1/2 | 4 |
| 3/4 | 4 |
| 5/6 | 2 |

| VRAAG 5: ARTIKEL | | | |
|---|---|---|---|
| | | PUNT | VLAK |
| 5.1 | “geamputeer" | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2 | Ek kon nie die verstommende uitslag van die rugby glo nie. | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.3 | Dit is 'n samestelling (tussen 'n woord van vreemde herkoms en 'n soortnaam ) . | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.4.1 | Hulle moes dringend die poot afsit om haar lewe te red. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.4.2 | Die poot (wat beseer) is, moet afgesit word om haar lewe (wat stragies sou eindig) te red.<br><br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 6 |
| 5.5 | B/Satelliet-lugdraad en vrylating is albei samestellende afleidings. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.6 | interessantste | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.7 | bemoeilik | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.8 | omdat | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.9 | …in ons optrede **(**deur te verseker plastiek eindig nie in die see nie**)** kan ‘n verskil maak /<br>… in ons optrede**,** deur te verseker plastiek eindig nie in die see nie**,** kan ‘n verskil maak √ | 1 | 6 |
| | | | |
| | | **10** | |

| VLAK | |
|---|---|
| 1/2 | 4 |
| 3/4 | 4 |
| 5/6 | 2 |

**AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [80]**